

Ons standpunt oor:

Seks buite die huwelik en saambly

Tel: (011) 764-1699 / 082 889 9730 Faks: 086 552 0727 / (011) 764-5531

e-pos: info@ruimsig.com Webruimte: www.ruimsig.com

Inleiding: Ons standpunt oor die Bybel

Ons grondwaarde oor die Bybel lui soos volg: “Ons glo dat die Bybel God se Woord is, DAAROM word alles in die gemeente gedryf vanuit die Bybel en God se doel vir die gemeente.” Verder sê ons geloofsbelydenis “Die Bybel is die Woord van God en is kragtig, onfeilbaar in sy boodskap en genoegsaam vir enige persoon se geestelike lewe.” Ons bly dus in nederigheid poog om al ons standpunte te grond en te baseer op die Bybel in die konteks waarin dit geskryf is. Ons glo die Bybel is net so relevant vir vandag soos vir die eerste gehoor waarvoor dit geskryf is. Ons glo dus nie dat die Bybel bloot ’n primitiewe boek is wat ontstaan het vir ’n primitiewe gehoor in die verlede nie. Die Bybel se gesag geld vandag en die boodskap is ewig.

Ons verstaan en erken dat daar sekere temas is wat moeilik is om te interpreteer in die lig van die Skrif omdat die Bybel dit nie direk aanspreek nie. Ons probeer egter met ons eie beperkte kennis en insig steeds die riglyne te volg wat die Bybel uitstip. ’n Standpunt oor ’n saak is egter ook iets wat ontwikkel soos wat ’n mens (of gemeente) se verstaan van die Skrif en sy agtergrond ontwikkel, dus is geen standpunt tot in sy fynste detail “in sement” gegiet nie, maar onderhewig aan verandering, soos wat ons ook die Bybel beter leer verstaan in sy konteks.

Seks buite die huwelik en saambly:

Daar is min temas aangaande liefde, verhoudings en huwelike wat vandag so relevant vir die kerk van Jesus Christus is, soos die kwessies van seks buite die huwelik en saambly. Is die kerk maar net ouderwets om te wil beweer dat mens eers getroud moet wees voordat jy seksueel verkeer met iemand van die teenoorgestelde geslag? Moet die kerk nie maar net aanpas by die tye soos baie ander organisasies en instansies nie. Wat as ’n liefdespaartjie beweer dat hulle alleenlik saambly weens ekonomiese of ander redes maar hulleself nie in ’n seksuele verhouding begewe nie?

Hierdie kwessie is nie in alle opsigte eenvoudig nie, maar in hierdie paar bladsye word die standpunt van Ruimsig Gemeente weergegee soos wat ons die Bybel verstaan en probeer uitleef. Kom ons begin net eers by die kwessie van seks buite die huwelik. Soos met alle ander sake is die Bybel die beginpunt en gesag ook by hierdie kwessie.

Is enige seks buite die huwelik buite God se wil?

Ruimsig Gemeente antwoord “Ja.” Kom ons verduidelik. As agtergrond begin ons graag met die teks in Deuteronomium 21:13-21:

“Wanneer ’n man ’n vrou trou, kan dit gebeur dat hy ’n afkeer kry van haar nadat hy met haar gemeenskap gehad het ¹⁴en haar van slegte gedrag beskuldig en haar ’n slegte naam laat kry deurdat hy sê: ‘Ek het hierdie vrou getrou en met haar gemeenskap gehad, maar ek het nie enige tekens dat sy ’n maagd was, by haar gevind nie.’¹⁵ Dan moet haar pa en haar ma die tekens dat sy

'n maagd was, na die leiers van die stad toe bring in die stadspoort ¹⁶en dan moet haar pa vir hulle sê: 'Ek het my dogter met hierdie man laat trou en nou haat hy haar. ¹⁷Hy beskuldig haar van slegte gedrag deurdat hy sê hy het nie enige tekens dat sy 'n maagd was, by haar gevind nie. Maar hier is die tekens dat my dogter 'n maagd was.' Dan moet haar pa haar nagklere vir die leiers van die stad wys. ¹⁸Hulle moet die man dan met 'n sweep slaan ¹⁹en hom met elf honderd en veertig gram silwer beboet. Hulle moet die geld vir haar pa gee omdat die man haar, 'n maagd van Israel, 'n slegte naam laat kry het. Sy sal ook die man se vrou bly. Hy mag nooit van haar skei nie. ²⁰Maar as die man die waarheid gepraat het, en daar nie enige tekens dat sy 'n maagd was by haar gevind is nie, ²¹moet hulle haar by die deur van haar pa se huis laat uitkom en die mans van die stad moet haar daar met klippe doodgooi. Sy moet sterf omdat sy 'n ongehoorde ding in Israel gedoen het deurdat sy met 'n man geslagsgemeenskap gehad het terwyl sy nog ongetroud was. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei."

Kom ons som die mees relevante gedeeltes van bogenoemde teks vinnig op met 'n bietjie addisionele agtergrond. In die destydse kultuur van die Israeliete is dit algemeen aanvaar dat seks buite die huwelik verbied is daarom was dit vanselfsprekend dat elke man wat met 'n vrou trou daarop kon aandring dat sy 'n maagd behoort te wees. Wanneer hy dan met haar trou en hy kom agter dat sy nie 'n maagd was nie (hy sou dit kon agterkom deur die feit dat 'n maagd gewoonlik bloei wanneer sy vir die eerste keer seksuele gemeenskap gehad het), het hy die reg gehad om vergoeding te eis van sy skoonpa omdat dié moes toesien dat sy dogter rein ('n maagd) bly onder sy ouerskap. Om homself te beskerm teen sulke moontlike aanklagte het die pa van 'n dogter dus haar bloedbevlekte klere gekry (op die eerste huweliksnag wanneer die bruidegom en sy bruid seks gehad het, het die bruidegom haar nagklere bevlek met haar bloed en dit deur die venster vir die "best man" gegee wat dit weer dadelik aan die pa van die dogter oorhandig het!) en dit gebêre. Wanneer sy skoonseun dus eendag besluit dat hy nou moeg is vir sy vrou en rede gesoek het om haar te skei, het die pa van die vrou eenvoudig die nagklere van sy dogter te voorskyn gebring as bewys dat hy sy werk gedoen het as ouer en dat sy dogter daarom nog 'n maagd was op die dag toe hulle met mekaar getrou het.

Uit hierdie teks is 'n paar dinge duidelik oor die kultuur en veral die geestelike siening van hierdie saak:

1. Geen seks buite die huwelik was as 'n vanselfsprekendheid beskou.
2. Aantuiging oor moontlike ontrouheid wat as waar bewys is, is swaar gestraf wat wys hoe sterk God hieroor gevoel het. Wanneer die man lieg moes hy betaal, maar wanneer die vrou nie 'n maagd was nie is sy gestenig (in daardie tyd was die kultuur ongelukkig baie chauvinisties teenoor vrouens).
3. Dieselfde sou gegeld het, al is die man met wie die vrou trou dieselfde man met wie sy seks gehad het voor die tyd.
4. Die vraag of die twee mekaar werklik liefgehad het voordat hulle trou was irrelevant. Seks voor die huweliksnag was as sonde gereken.
5. Die wet geld nie meer vir vandag op dieselfde manier as destyds nie (ons stenig byvoorbeeld nie meer vandag mense wat seksueel oortree nie), maar wys wel vir ons hoe die Here gevoel het aangaande hierdie aangeleentheid.

Wat van ander teksverse in die Bybel?

Die beswaar kan nou geopper word dat hierdie teks uit die Ou Testamentiese wetboek kom, waar daar in dieselfde asem gepraat word van ander sake wat nie meer vir vandag geld nie. Waarom dus hierdie teks gebruik?

Dit sou 'n goeie argument kon wees indien ons geen ander teks in die Bybel gekry het wat vir ons hierdie beginsel in Deuteronomium bevestig nie. In Esegïël 23:1-8 word Jerusalem en Samaria se sondige geskiedenis vergelyk met twee ontroue jong meisies wat toegelaat het dat hulle borste betas word nog voor hulle getroud was. Dit bevestig vir ons dat die profete tradisie hierdie seks buite die huwelik (in hierdie geval blote betasting) nie binne die wil van die Here val nie.

Die mees insiggewende teks wat mens egter na kan kyk in die Nuwe Testament is 1 Korintiërs 7:7-9.

“Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek is. Maar elkeen het van God sy besondere gawe ontvang, die een dít en die ander iets anders. ⁸Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek: Dit is vir hulle goed om ongetroud te bly soos ek. ⁹Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word.”

In hierdie teks kan ons sien dat Paulus die gesag van die Ou Testament as sy eie aangeneem het. Dat hy dieselfde tradisie handhaaf. Paulus praat van die besondere gawe wat hy ontvang het, naamlik, om in onthouding te kan leef. Dit beteken dat hy nie die emosionele of fisiese behoefte het om 'n vrou van sy eie te hê nie. Omdat hy die verwagting gehad het dat dit in die laaste dae baie moeilik sou gaan met getroude mense, maan hy die ongetroudes om ongetroud te bly. Daar is egter een uitsondering: wanneer jy nie in onthouding kan leef nie (met ander woorde, as jy nie jou seksuele drange kan beheer nie), tróú.

Ons moet dus as kerk enige volgeling van Jesus daarvoor verantwoordelik hou om in seksuele onthouding te leef voordat hy/sy getroud is. Dit geld nog des te meer vir geestelike leiers (1 Timoteus 3:1-7).

Wat van mense wat nog soekend is na die Here en in wie se geval dit duidelik is dat hulle nog nie 'n geloofsverbintenis tot Jesus gemaak het nie?

Ons moet onthou dat sulke mense nog buite geloof staan en dat ons nie van hulle kan verwag om dieselfde waardes as ons aan te neem nie. Hierdie mense se primêre probleem is nie dat hulle saambly nie, maar dat hulle Christus nie ken nie. Hulle behoort dus in liefde na Christus heen gewys word en kan ook gehelp word om te begryp dat indien hulle dalk wel eendag 'n geloofsverbintenis maak tot Jesus hulle wel sal moet trou of hulle seksuele verhouding sal moet beëindig.

Wat van twee van die teenoorgestelde geslag wat beweer dat hulle alleen saambly, saam reis of alleen 'n woonplek deel, maar dat hulle geen seksuele verhouding het nie?

Hier kom 'n ander Bybelse beginsel ter sprake, naamlik, wat die *véiligste vir die koninkryk* van God is of watter dinge vir 'n ander mens *tot struikeling* kan wees. Kom ons verduidelik.

Daar is baie alledaagse sake in die Bybel wat nie beskou kon word as sonde nie, maar wat mens as Christen steeds vermy omdat dit die *beste* en die *veiligste* ding is vir die mense om ons, vir die

koninkryk van God en vir die Naam van die Here. Hierdie sake val nie onder die wit-swart area van die Bybel nie, maar wel in die grys area.

Die gebruik van alkohol is 'n goeie voorbeeld hiervan. Dis nie een van die dinge waaroor die Bybel nie 'n duidelike uitspraak gee nie. Die Bybel praat wel duidelik teen dronkenskap (dis wit-swart), maar verbied nie die gebruik van alkohol nie (dis grys). As gevolg van die persentasie alkoholisme in ons samelewing het baie Christene besluit om hulleself te weerhou van alkoholiese gebruik omdat dit dalk vir ander mense sleg sal wees om te sien dat 'n Christen alkohol gebruik. Dis nie dat alkohol gebruik sonde is of verkeerd is nie. Dis net dat dit veiliger vir ander mense is om in sekere omstandighede jouself te weerhou van alkohol. Dis mos hoe liefde werk. Liefde is dus altyd die leidende beginsel in sake wat val in die grys area.

Die Skrifgedeelte wat die beste praat oor hierdie beginsel is 1 Korintiërs 8:4-13. *“Wat nou betref die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is: ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een.⁵ En al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat “God” en baie wat “Here” genoem word,⁶ is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.⁷ Maar nie almal het hierdie kennis nie. Daar is party van julle wat so gewoon is aan afgode dat hulle nog altyd vleis eet asof dit 'n offer aan 'n afgod is. Daardeur word hulle gewete, wat reeds swak is, verder beswaar.⁸ Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie.⁹ Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat swak is, 'n aanleiding tot sonde word nie.¹⁰ As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis as afgodsoffer te eet nie?¹¹ Dan gaan die swakke verlore deur hierdie kennis van jou, en dit 'n broer vir wie Christus gesterf het.¹² Deur so teen die broers te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus.¹³ Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie.”*

In die hierdie teks is die saak wat aangespreek word of Christene vleis mag koop wat aan afgode geoffer is. Paulus sê: “Eet gerus! Jy sal niks oorkom nie! Jy doen nie noodwendig sonde nie. Christus het ons vrygemaak van al hierdie moets en moenies.” Hy beweer dat Christus groter is enige van hierdie afgode aan wie die vleis geoffer is. Hy maak ons vry! Die eet van offervleis is dus nie *sonde* of *verkeerd* nie.

Paulus beweer egter ook dat daar wél omstandighede is waaronder die Christene in Korinte nie die afgodsvleis behoort te eet nie. En dis wanneer dit waarskynlik is dat jou eet van die vleis vir iemand 'n struikeling kan wees. Hy verbied egter nie die eet van afgodsvleis omdat dit *verkeerd* sou wees of *God sou aanstoot gee* nie, maar omdat dit vir sekere gelowiges sou laat struikel omdat hulle self nog nie gegroei het in die volheid van die vryheid in Christus nie.

Saambly “sonder seks” kan in dieselfde lig gesien word. Selfs al bly 'n man en 'n vrou saam sonder 'n seksuele verhouding kan dit uiters ongesond wees vir hulle beeld as kinders van God, vir hulle getuienis as ligdraers van God en vir God se Naam self. Hulle kan ook 'n groot struikeling wees vir ander mense. Ander jong ongetroude paartjies kan na hulle kyk, aanneem dat dié twee wel 'n seksuele verhouding het en die voorbeeld volg wat hulle dink voorgehou word.

Om hierdie rede kan Ruimsig Gemeente se standpunt oor seks buite die huwelik en saambly as volg opgesom word:

1. Nie-gelowige mense wat saambly en seksueel verkeer word éérs in baie liefde en sensitiwiteit na Jesus toe gelei en daarná gemaan om nou onder Sy heerskappy hulle sonde te bely, waarna hulle uit trek of trou.
2. Gelowige lidmate wat saambly en / of seksueel verkeer word summier, alhoewel ook in liefde vermaan om te trou en / of uit te trek en hulle seksuele verhouding te stop totdat hulle getroud is.
3. Gelowige lidmate wat beweer dat hulle saambly sonder 'n seksuele verhouding word sterk gemaan om ter wille van hulle Christelike getuienis en liefde vir die Here se Naam uit te trek en 'n nuwe plan te beraam.
4. Daar word verwag van enige personeellid, bedieningsleier of kleingroepleier van Ruimsig Gemeente om onberispelik te leef as dit kom by hulle eie seksualiteit en volkome aan al drie bogenoemde verwagtings te voldoen. Daar word verder van hulle verwag om enige situasie te vermy waar hy/sy alleen en sonder toesig met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag woon of reis.